Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2025

REKENINGKUNDE V2

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye insluitend ’n formuleblad en ’n 11-bladsy antwoordeboek.

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ŉ Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. ŉ Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ŉ donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. ALLE bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ŉ riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Interne Beheer en Rekonsiliasies	40	30
2	Kosterekeningkunde	35	30
3	Voorraad	35	30
4	Begroting en BTW	40	30
TOTAAL		**150**	**120**

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

VRAAG 1: INTERNE BEHEER EN REKONSILIASIES (40 punte; 30 minute)

1.1 INTERNE BEHEER

Die eienaar van Dlamini Handelaars is baie tevrede dat alle betalings nou uitsluitlik (slegs) via EFO gemaak word. Hy oorweeg dit om sy besigheid heeltemal kontantloos te bedryf.

GEVRA:

1.1.1 Pearly, die boekhouer is verantwoordelik vir die prosessering en beheer van alle EFO-transaksies. Die interne ouditeur is bekommerd omdat daar geen verdeling van pligte is nie.
Verduidelik EEN rede waarom die interne ouditeur bekommerd mag wees oor die gebrek aan verdeling van pligte. (2)

1.1.2 Baie klante verkies om kontant te betaal, maar Dlamini wil sy besigheid heeltemal kontantloos bedryf.

- Identifiseer EEN potensiële probleem wat die besigheid in die gesig mag staar as gevolg van hierdie besluit.
- Behalwe dat dit vinnig en tydbesparend is, identifiseer EEN voordeel van die gebruik van EFO's. (4)

1.2 BANKREKONSILIASIE

Die inligting handel oor Koen Handelaars vir Augustus 2025.

1.2.1 Toon die inskrywings wat in die Kontantjoernale aangeteken moet word. (10)

1.2.2 Bereken die saldo van die Bankrekening in die grootboek op 31 Augustus 2025. (4)

1.2.3 Stel die Bankrekonsiliasiestaat vir 31 Augustus 2025 op. (6)

INLIGTING:

A.

Inligting van die Bankrekonsiliasiestaat voltooi op 31 Julie 2025:		**R**
Ongunstige saldo volgens Bankstaat		39 000
EFO's in KBJ aangeteken	315	45 000
	390	23 700
Deposito in die KOJ, maar nie op die Julie 2025 Bankstaat		107 000
Ongunstige saldo van die Bankrekening in die Grootboek		700

NOTA:
- EFO 315 en 390 verskyn op die Bankstaat op 1 Augustus 2025. EFO 390 verskyn as R25 700. Die Bankstaat is korrek.
- Die deposito verskyn op die bankstaat op 2 Augustus 2025.

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

B. Voorlopige totale van Kontantjoernale op 31 Augustus 2025 voordat die Bankstaat vir Augustus 2025 via epos van die bank ontvang is:

- Kontantontvangstejoernaal (KOJ): R90 850
- Kontantbetalingsjoernaal (KBJ): R85 750

C. Inligting op Augustus 2025-bankstaat wat nie in die Augustus Kontantjoernale aangeteken is nie:

	DEBIET	KREDIET
Rente		R450
EFO (Nazo – skoonmaak van kantoor se matte)	R3 500	
EFO (Jacobs – huurder)		R28 500
Debietorder (PGS Versekeraars)	R10 780	
Internet bankfooie	R980	
Internet bankfooie	R980	

NOTA: Die bank het die internet bankfooie foutiewelik gedupliseer. Dit sal in September 2025 reggestel word.

D. Inskrywings in die KBJ vir Augustus wat nie op die Bankstaat vir Augustus verskyn nie:

- EFO 401 (J Koen – eienaar, vir private gebruik) op 28 Augustus 2025, R16 500
- EFO 419 (MVI Verskaffers) 30 Augustus 2025, R8 600

E. Deposito-inskrywings in die KOJ vir Augustus wat nie met die Bankstaat vir Augustus ooreenstem nie:

- R31 450 op 30 Augustus 2025
- R44 500 op 31 Augustus 2025. Die Bankstaat toon dit as R34 500. ŉ Ondersoek het getoon dat die kontantstrokies na R44 500 optel, maar slegs R34 500 is gedeponeer. Die tekort kan nie opgespoor word nie en moet afgeskryf word.

F. Saldo soos per Bankstaat op 31 Augustus 2025 is die balanserende bedrag.

1.3 KREDITEUREREKONSILIASIE

Die volgende inligting handel oor Kapp Handelaars. Die saldo van Dordrecht Verskaffers in die Krediteuregrootboek stem nie ooreen met die eindsaldo op die staat wat op 27 Julie 2025 van hulle ontvang is nie.

GEVRA:

Bereken die korrekte saldo's deur die nodige aanpassings te maak vir die gegewe foute en weglatings in die Krediteuregrootboek en die staat van Dordrecht Verskaffers. Gebruik die tabel in die ANTWOORDEBOEK en toon ŉ bedrag met "+", "-" of "geen inskrywing" vir elke fout of weglating wat ontdek is. (14)

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

SALDO'S OP 31 JULIE 2025

Dordrecht Verskaffers se rekening in die Krediteure-grootboek van Kapp Handelaars	R25 670 (krediet)
Maandelikse staat ontvang van Dordrecht Verskaffers	R28 155 (debiet)

Foute en weglatings geïdentifiseer nadat vergelykings gemaak is.

A. 'n Faktuur vir R8 820 is korrek in die Krediteuregrootboek ingeskryf, maar die rekeningstaat van Dordrecht Verskaffers het dit as R9 300 opgeteken. Die krediteureklerk het Dordrecht Verskaffers gekontak en hulle het bevestig dat hulle die fout sal regstel.

B. EFO 3092 vir R9 500, uitgereik aan Dordrecht Verskaffers, is verkeerdelik as R5 900 in die Kontanbetalingsjoernaal (KBJ) aangeteken en ook so oorgeboek.

C. Op 3 Julie 2025 het Kapp Handelaars 'n debietnota van R620 verkeerdelik gekrediteer op die rekening van Dordrecht Verskaffers in die Krediteuregrootboek.

D. 'n EFO-betaling van R5 500 is in die Krediteuregrootboek aangeteken, maar dit verskyn nie op die rekeningstaat nie. Na ondersoek ingestel is, is gevind dat hierdie betaling deur Kapp Handelaars eintlik aan Indwe Verspreiders gemaak is.

E. Die boekhouer het nie faktuur 958 (R6 870), ontvang van Dordrecht Verskaffers op 22 Julie 2025 aangeteken nie.

F. Die rekeningstaat ontvang van Dordrecht Verskaffers wys rente van R255, wat gehef is op 'n agterstallige saldo. Hierdie rente moet aangeteken en na die Krediteuregrootboek oorgeboek word.

G. Transaksies na die sluiting van die staat op 27 Julie 2025:

- Faktuur nr. 1654 vir goedere aangekoop, R8 700
- Goedere teruggestuur aan Dordrecht Verskaffers, R2 920

40

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

VRAAG 2: KOSTEREKENINGKUNDE (35 punte; 30 minute)

2.1 FRESH SIP KOELDRANK VERVAARDIGERS

Fresh Sip is ŉ Suid-Afrikaanse vervaardigingsmaatskappy wat koeldranke vervaardig. Jy word voorsien van inligting rakende Fresh Sip vir die jaar geëindig 31 Augustus 2025.

Die fabriek beslaan 800 m^2, die administratiewe kantore 300 m^2 en twee nasionale verkoopskantore 100 m^2 elk.

GEVRA:

2.1.1 Bereken die:

- Direkte arbeidskoste (4)
- Verkoops- en verspreidingskoste (12)

2.1.2 Stel die Produksiekostestaat op. (5)

2.1.3 Bereken die koste van verkope vir die jaar geëindig 31 Augustus 2025. (4)

INLIGTING:

A. VOORRAAD

Die volgende saldo's is geneem uit die finansiële state:

	2025	2024
Indirekte materiaal	R85 400	R73 800
Goedere-in-bewerking	R3 650 000	R3 740 500
Klaar produkte	R5 430 000	R4 600 400

B. ARBEIDSKOSTE

Die fabriekswerkers het ŉ totale betaling van R604 800 ontvang, na ŉ 28% aftrekking vir LBS, pensioenfonds en WVF. Die maatskappy dra ŉ addisionele 8% van hul bruto verdienste by.

VERKOOPSKANTORE	
2 werkers per kantoor	R84 000 per werker per jaar (bonusse, oortyd en bydraes ingesluit)

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

C. ANDER UITGAWES

(a) Indirekte materiaal aangekoop gedurende die jaar was 'n totaal van R240 000. 20% van alle indirekte materiaal word in die verkoopskantore gebruik.

(b) Die totale huur beloop R117 000 per jaar. Huur word volgens vloerspasie toegedeel.

(c) Vraggeld vir die jaar:
Op grondstowwe aangekoop: R40 000
Op klaar produkte verkoop: R75 000

(d) Fresh Sip verkoop op krediet aan goedgekeurde klante. Een debiteur wie oorsee verhuis het se skuld van R8 000 moet as oninbaar afgeskryf word.

(e) Bedrag uit die Vooraansuiweringsproefbalans op 31 Augustus 2025:

Versekering R115 375

Daar is ontdek dat die versekeringspremie vir September 2025 reeds betaal is. Die premies het onveranderd gebly. Die versekeringspremies word in die verhouding 3 : 1 : 1 tussen die fabriek, verkope en administrasie verdeel.

2.2 KAMP VERVAARDIGERS

Inligting vir die finansiële jaar wat eindig op 30 Junie 2025 word verskaf. Die besigheid vervaardig leerbanke op grond van bestellings ontvang.

GEVRA:

2.2.1 Bereken die verkoopprys van elke produk op 30 Junie 2025. (4)

2.2.2 Die besigheid het na sonkrag oorgeskakel en sodoende elektrisiteits-uitgawe en totale vaste koste verminder. Die vaste koste per eenheid het egter vermeerder. Verduidelik hoe hierdie situasie die dis-ekonomie van skaal (skaalnadele) illustreer. Haal syfers aan. (4)

2.2.3 Die eienaar is bekommerd oor die verhoging in direkte arbeidskoste per eenheid. Stel EEN moontlike rede voor vir hierdie verhoging, behalwe normale inflasie. (2)

INLIGTING:

	2025	2024
Aantal banke vervaardig en verkoop	3 900	4 700
Gelykbreekpunt	3 200	3 525
Vaste koste per eenheid	R3 200	R3 000
Totale vaste koste	R12 480 000	R14 100 000
Veranderlike koste per eenheid	R1 600	R1 400

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

VRAAG 3: VOORRAAD (35 punte; 30 minute)

3.1 BEGRIPPE

Kies die korrekte term uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (3.1.1–3.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 Voorraadwaardasiemetodes beïnvloed die (koste van verkope / oninbare skuld) in die Staat van Omvattende Inkomste.

3.1.2 ŉ Hoër koste van verkope lei tot ŉ (hoër / laer) bruto wins.

3.1.3 ŉ Hoër eindvoorraad sal verkry word in die (EIEU- / geweegde-gemiddelde-) metode gedurende tydperke van stygende pryse. (3)

3.2 VOORRAADWAARDASIE

Die inligting het betrekking op Amuse Photo Booths vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2025. Mnr Amuse besit die besigheid en verkoop twee modelle foto-/video-hokkies, (ŉ selfie-fotohokkie en ŉ 360-videohokkie) en klein selfie-drukkers. Amuse het op 1 April 2025, drie maande voor die einde van die finansiële jaar, 360 videohokkies begin verkoop.

- Die foto-/videohokkies word waardeer deur die spesifieke identifikasie-metode te gebruik.
- Drukkers word waardeer deur die Eerste-in-Eerste-uit (EIEU)-metode te gebruik.

GEVRA:

3.2.1 Bereken die totale waarde van eindvoorraad van die foto-/videohokkies op 30 Junie 2025. (8)

3.2.2 Bereken die waarde van die eindvoorraad van drukkers op 30 Junie 2025. (4)

3.2.3 Bereken die koste van verkope van die drukkers vir die jaar geëindig 30 Junie 2025. (4)

3.2.4 Drukkers word teen ŉ verkoopprys van R3 000 verkoop. Bereken die bruto wins wat op die drukkers gemaak word. (4)

3.2.5 Die boekhouer het die aantal dae van 360-videohokkies wat teen jaareinde oor is, bereken. Die eienaar stem nie saam met die formule wat gebruik is nie.

Verduidelik aan die eienaar waarom die boekhouer korrek optree wanneer hy die volgende berekening gebruik: $\frac{\text{eindvoorraad}}{\text{koste van verkope}} \times \frac{90}{1}$ in plaas van $\frac{\text{eindvoorraad}}{\text{koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$. Haal syfers aan deur die aantal dae/maande te gebruik. (3)

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

INLIGTING:

Die volgende inligting is ŉ uittreksel uit die jaar geëindig 30 Junie 2025.

A. FOTO- EN VIDEOHOKKIES:

	GEKOOP			VERKOOP
	EENHEDE	**EENHEIDS-KOSTE**	**TOTAAL**	**EENHEDE**
Selfie-fotohokkie				
Januarie 2025	15	R17 600	R264 000	10
Terugsendings: Januarie 2025	(2)	R17 600	(R35 200)	
Mei 2025	20	R18 000	R360 000	15
360-Videohokkies				
April 2025	9	R19 500	R175 500	6
Vraggeld van R200 per eenheid is nie by eenheidsprys van 360-videohokkies ingesluit nie. Vraggeld is by die eenheidsprys van selfie-fotohokkies ingesluit.				

B. DRUKKERS:

		EENHEDE	BEDRAE
Openingsvoorraad		450	R675 000
Aankope:	Aug 2024	120 @ R1 500	R720 000
	Des 2024	160 @ R1 875	
	Mei 2025	120 @ R2 000	
Terugsendings:	Des 2024	(10 @ R1 875)	(R18 750)
Sluitingsvoorraad		160	?
Verkope		680	

3.3 **BEHEER OOR VOORRAAD**

Inligting verskaf hou verband met Willowmore Electronics vir die finansiële jaar geëindig 31 Julie 2025. Die besigheid verkoop selfone, slimhorlosies en tablette, met geen voorraadverliese wat gedurende die jaar aangemeld is nie.

GEVRA:

Identifiseer EEN verskillende probleem (insluitend syfers) vir elke produk en verskaf ŉ oplossing vir elke probleem. (9)

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

INLIGTING:

	SELFONE	SLIM-HORLOSIES	TABLETTE
Openingsvoorraad (eenhede)	280	2 000	200
Aankope (eenhede)	6 100	7 000	3 000
Eindvoorraad (eenhede)	400	3 500	800
Verkoopprys per eenheid	R3 500	R5 000	R8 500
Kredietverkope (eenhede)	4 800	2 500	1 600
Kontantverkope (eenhede)	1 200	3 000	1 800
Terugsendings deur debiteure (eenhede)	(20)	0	(1 000)
Kontant ontvang van kontantverkope	R4 130 000	R15 000 000	R15 300 000

35

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

VRAAG 4: BEGROTING EN BTW (40 punte; 30 minute)

4.1 FADA SE PAK EN DAS-WINKEL

Jy word voorsien van inligting wat verband hou met die kontantbegroting van Fada se Pak en Das-Winkel.

GEVRA:

4.1.1 **VERWYS NA INLIGTING A.**

Fada is bekommerd oor die invordering van debiteure. Sy gee nie korting vir vroeë betalings nie.

Bereken die % van debiteure:

(i) Wat hul rekeninge in die tweede maand na die maand van die kredietverkooptransaksie sal vereffen. (3)

(ii) Wat afgeskryf sal word as slegte skuld aan die einde van die derde maand na die maand van die kredietverkooptransaksie. (3)

4.1.2 **VERWYS NA INLIGTING B.**

Identifiseer TWEE items wat verkeerdelik in die Kontantbegroting opgeteken is. Gee EEN rede waarom hierdie items nie in 'n Kontant-begroting opgeteken word nie. (3)

4.1.3 **VERWYS NA INLIGTING B TOT G.**
Bereken die ontbrekende bedrae soos aangedui deur **(i)** tot **(iv)** in die Kontantbegroting. (14)

INLIGTING:

A. DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE:

Maand van Verkope	KREDIET VERKOPE	SEPTEMBER 2025	OKTOBER 2025	NOVEMBER 2025
Julie	135 000	101 250	29 700	0

B. Uittreksel uit die Kontantbegroting:

	SEPTEMBER 2025	OKTOBER 2025
ONTVANGSTES	**R**	**R**
Ontvangstes van debiteure		
Kontantverkope	**(i)**	
Korting ontvang	4 500	5 600
Vaste deposito	40 000	
Rente op Vaste deposito	900	**(ii)**
BETALINGS		
Betalings aan krediteure		**(iii)**
Direkteursfooie	216 000	**(iv)**
Waardevermindering	30 000	30 000
Ouditfooie	0	42 000

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

C. Verkope:

- Kredietverkope beslaan 40% van totale verkope.
- Die winsopslagpersentasie is 50% op kosprys.

D. Uittreksel uit die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste:

	AUGUSTUS 2025	SEPTEMBER 2025	OKTOBER 2025
	R	R	R
Verkope	330 000	450 000	?
Koste van Verkope	?	(300 000)	?

E. Aankope:

- Alle aankope van voorraad is op krediet
- Voorraad word vervang in die maand van verkope. ʼn Basisvoorraad word gehandhaaf.
- Krediteure word twee maande na aankope betaal, onderhewig aan ʼn 5%-korting.

F. Direkteursfooie:

- Die besigheid het drie direkteure wat dieselfde maandelikse fooi verdien.
- Op 30 September 2025 het een van die direkteure bedank en ʼn nuwe een is vanaf 1 Oktober 2025 aangestel.
- Die twee oorblywende direkteure sal vanaf 1 Oktober 2025 ʼn verhoging van 15% op hul maandelikse fooi ontvang. Die nuwe direkteur sal nie vir ʼn verhoging oorweeg word nie.

G. Vaste deposito:

- R40 000 van die vaste deposito het op 30 September 2025 verval.
- Rente van 9% p.j. is aan die einde van elke maand ontvangbaar en word nie gekapitaliseer nie.

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

4.2 MARIKE SE GESONDHEIDSWINKEL

Marike se Gesondheidswinkel verkoop gesondheidsprodukte aan jong en fikse mense.

4.2.1 Marike het die begrote syfers met die werklike syfers vir September 2025 vergelyk.

	BEGROTE (R)	WERKLIK (R)	AFWYKING (R)
Totale Verkope	510 000	816 000	+306 000
Salarisse: Verkoopspersone	80 000	22 000	-58 000
Kommissie: Verkoopspersone	0	95 200	+95 200
Instandhouding van toerusting	4 000	2 500	-1 500
Reklame	36 000	54 000	+18 000
Afleweringskoste	0	23 000	+23 000
Verpakkingsmateriaal	29 532	36 915	+7 383

GEVRA:

(i) Marike het 'n nuwe betaalmetode vir die verkoopspersone geïmplementeer. Verduidelik hoe hierdie verandering beide die besigheid en die verkoopspersone bevoordeel het. Haal syfers aan. (4)

(ii) Identifiseer TWEE strategieë wat Marike gebruik het om verkoops-teikens vir September 2025 te verbeter, behalwe die betaling van verkoopspersone. Haal syfers aan. (4)

(iii) Ondanks die oorbesteding aan verpakkingsmateriaal is Marike nie bekommerd nie. Verduidelik die rede hiervoor. Haal relevante persentasies aan. (4)

(iv) Lewer kommentaar oor die beheer van instandhouding van toerusting vir September 2025. Geen syfers word benodig nie. (2)

(v) Die werklike bedrag wat aan verpakkingsmateriaal bestee word, sluit BTW teen 15% in. Bereken die BTW-bedrag. (3)

40

TOTAAL: 150

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORMULEBLAD	
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedrysuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryswins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates **:** Totale laste	Bedrysbates **:** Bedryslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste	Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang
(Handel en ander ontvangbare bedrae + Kontant en kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (*Sien nota 1 hieronder)	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope/Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$ (*Sien nota 2 hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien 3 nota hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	

LET WEL:

1. Handelsvoorraad aan die einde van ’n finansiële jaar kan gebruik word as dit in die vraag vereis word. 365 dae is slegs van toepassing indien dit relevant tot die hele jaar is.
2. Kredietaankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly.)
3. Indien daar ’n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende ’n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.